education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1
## JUNIE 2025

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende inligting aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls oop tussen onderafdelings van die vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Brandstof gebruik gedurende ‘n reis word gesien as …

A intermediêre goedere.
B nie-duursame goedere.
C dienste.
D halfduursame goedere.

1.1.2 Die … van werknemers sluit alle bruto salarisse en lone in.

A verbruik
B uitgawes
C vergoeding
D produksie

1.1.3 ‘n Land se … bestaan uit sy voorraad kontant in omgang en deposito’s wat die privaat sektor by finansiële instellings het.

A monetêre beleid
B fiskale beleid
C kontantvloei
D geldaanbod

1.1.4 Die lengte van ‘n sakesiklus word gemeet van ….

A piek tot piek.
B piek tot trog.
C piek tot tendenslyn.
D piek tot amplitude.

1.1.5 ‘n … beskerm lae inkomste-verdieners teen oorweldiging deur die las van belasting.

A Progressiewe belastingstelsel
B Regressiewe belastingstelsel
C Belasting op toegevoegde waarde
D Proporsionele belastingstelsel

1.1.6 Alle belasting word deur …. betaal.

A die regering
B maatskappye
C individue
D kiesers

1.1.7 ‘n … kategorie wat alle items bevat wat nie in die ander kategorieë val nie.

A Handels-
B Residuele
C Beleggings-
D Portefeulje

1.1.8 … word as ‘n persentasie van ‘n land se uitvoere relatief tot die waarde van sy invoere uitgedruk.

A Handelsbalans
B Handelsoorskot
C Handelsvoorwaardes
D Ruilvoet (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Dwaling van samestelling | A Inkomste verdien, meer as die minimum wat vereis word om 'n produksiefaktor in diens te hou |
| 1.2.2 Ekstrapolasie | B Bestuur die land se ekonomiese beleid |
| 1.2.3 Appresieer | C Wanneer individue eie ervaring veralgemeen as hulle die werking van die ekonomie as geheel verduidelik |
| 1.2.4 Ekonomiese huur | D Stelsels wat lande gebruik om hul geldeenhede te bestuur |
| 1.2.5 Outonome verbruik | E Die waarde van 'n geldeenheid neem toe in terme van 'n ander land se geldeenheid |
| 1.2.6 Globalisering | F Skat die onbekende data gebaseer op 'n patroon van bekende data |
| 1.2.7 Nasionale Tesourie | G Die regering verminder besteding en verhoog belasting |
| 1.2.8 Inkrimpende fiskale beleid | H Die hoeveelheid geld wat 'n verbruiker spandeer wanneer hulle geen inkomste het nie |
| | I Die proses van verhoogde internasionale samewerking en kommunikasie wat lei tot verhoogde handel en internasionale saketransaksie |

(8 x 1) (8)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 'n Betaling wat deur die regering aan sy burgers gemaak word sonder teenprestasie

1.3.2 Die gemiddelde rentekoers wat kommersiële banke hul beste kliënte hef

1.3.3 'n Algemene verlaging in die pryse van produkte

1.3.4 Die proses om eienaarskap van die openbare sektor na die private sektor oor te dra

1.3.5 Die stel rekeninge wat rekord hou van die vloei van geldeenhede tussen ‘n land en die res van die wêreld

1.3.6 Die sentrale bank laat die geldeenheid van 'n land toe om in waarde te wissel volgens die vraag en aanbod na die geldeenheid (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE lekkasies wat in die ekonomiesekringloop-model voorkom. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom behoort sakesiklusse nie in sentraalbeplande ekonomieë voor te kom nie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer die kurwe wat in die grafiek hierbo gebruik word. (1)

2.2.2 Noem EEN bron van inkomste vir die regering. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR)*. (2)

2.2.4 Ondersoek indirekte belasting as 'n vorm van inkomste vir die regering. (2)

2.2.5 Hoe is sosio-ekonomiese regte ingesluit in die begroting van die Suid Afrikaanse regering? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BETALINGSBALANS (BB)**

Die betalingsbalans (BB) word deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank saamgestel.

Die feit dat die betalingsbalans ’n amptelike dokument is, skep dikwels die illusie dat dit net die transaksies tussen die regering en buitelandse regerings aanteken, of dat die regering al die transaksies met die res van die wêreld beheer. Dit is egter nie die geval nie. Die Suid-Afrikaanse betalingsbalans is bloot 'n rekord van die transaksies van alle Suid-Afrikaanse huishoudings, firmas en regeringsvlakke met huishoudings, firmas of regerings in die res van die wêreld.

[Aangepas uit *Economics for South Africans Sixth Edition*]

2.3.1 Identifiseer die instansie wat verantwoordelik is vir die samestelling van die betalingsbalans in die uittreksel hierbo. (1)

2.3.2 Noem EEN produk waar Suid Afrika oor ’n *absolute voordeel* beskik in internasionale handel. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *buitelandse direkte investering (BDI).* (2)

2.3.4 Verduidelik die konsep van *surplusse* in die betalingsbalans rekening. (2)

2.3.5 Waarom word *direkte buitelandse beleggings* as 'n las aangeteken? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek die verhouding tussen verbruikers en die regering. (4 x 2) (8)

2.5 Ondersoek die verband tussen inflasie en werkloosheid. (2 x 4) (8)
**[40]**


## VRAAG 3

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE beleide wat gebruik word om ekonomiese groei te bewerkstellig. (2 x 1) (2)

3.1.2 Verduidelik die impak van internasionale handel op massaproduksie. (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Identifiseer die ewewigslyn vanaf die grafiek hierbo. (1)


3.2.2 Noem enige EEN van die deelnemers in die grafiek hierbo. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *vermenigvuldiger*. (2)

3.2.4 Ondersoek die konsep van *outonome verbruik*. (2)

3.2.5 Bereken die vermenigvuldiger, gebruik die formule:
k = 1 / (1 - MVG). (4)

3.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: https://brandanreynolds.com]

3.3.1 Identifiseer die monetêre beleid instrument wat in die spotprent hierbo geïmplementeer word. (1)

3.3.2 Noem die instelling wat verantwoordelik is vir monetêre beleid. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *sakesiklus*. (2)

3.3.4 Watter fiskale beleidsinstrumente is beskikbaar vir die regerings om sakesiklusse te beheer? (2)

3.3.5 Verduidelik hoe monetêre beleidsinstrumente geïmplementeer word wanneer die sakesiklus 'n ekonomiese opbloeifase betree**.** (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die verband tussen ekonomiese groei en ekonomies ontwikkeling as openbare sektor doelwitte. (4 x 2) (8)

3.5 Ondersoek die maatreëls wat beskikbaar is om 'n betalingsbalanstekort te korrigeer. (4 x 2) (8)
**[40]**


## VRAAG 4

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE faktore wat die wisselkoers beïnvloed. (2 x 1) (2)

4.1.2 Verduidelik die aard van sakesiklusse. (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: https://mg.co.za/cartoons]

4.2.1 Identifiseer EEN staatsonderneming in die spotprent hierbo. (1)


4.2.2 Noem EEN noodsaaklikheid van die openbare sektor. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *parastatale*. (2)

4.2.4 Verduidelik die voordele van privatisering van 'n staatsbeheerde ondernemings. (2)

4.2.5 Bespreek redes vir openbare sektor-voorsiening. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.3.1 Noem EEN geldeenheid wat in die grafiek hierbo gebruik word. (1)

4.3.2 Identifiseer die oorspronklike wisselkoersewewig. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *devaluasie*. (2)

4.3.4 Hoekom het die vraag na dollars per dag afgeneem? (2)

4.3.5 Watter tipe intervensies kan geïmplementeer word om 'n vryswewende wisselkoers te beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.4 Interpreteer leidende en saamgestelde aanwysers as kenmerke onderliggend in die vooruitskatting van sakesiklusse. (2 x 4) (8)

4.5 Bespreek die aanbodkantbenadering as redes vir internasionale handel. (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is die laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer/Teken 'n grafiek en verduidelik<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Bykomende deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/ Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe/Stel voor/Analiseer<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende insluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die markte binne die VIER-SEKTOR-model. (26)
- Interpreteer die doel van die Stelsel van Nasionale Rekeninge soos uiteengesit deur die Verenigde Nasies. (10)

**[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die rede(s) vir mislukking in die openbare sektor. (26)
- Evalueer krities die impak van 'n toename in die mandjie van voedselitems wat vrygestel is van BTW, op die ekonomie. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou